**As julle in My woord bly**

**Joh 8:30-59**

**15 Junie 2025**

1. Vantevore: Die Here Jesus het die owerspelige vrou se sonde geoordeel, maar haar nie veroordeel nie. Die Here Jesus is die lig vir die wêreld – vir die wat Hom volg. Hierdie mense moet glo Hy is "Ek Is"
2. Joh 8:31-59 is gesprek tussen Jesus en Jode wat in Hom begin glo het – maar die gesprek eindig toe hulle Hom wou stenig.
3. Kruks van die gesprek is verse 31-32: Drie eienskappe van ware dissipels: (1) Bly in Jesus se woord, (2) ken die waarheid, en (3) word deur die waarheid vrygemaak
4. Wat bedoel die Here Jesus met die terme wat Hy gebruik?
    a. Vryheid
        - Almal is slawe van sonde (v34), selfs fisiese afstammelinge van Abraham
        - Die Seun van God kan werklik vry maak (v36)
    b. Woord
        - Jesus se woord is Sy lering, is waarheid, wat Hy van die Vader gehoor het (v38, 40)
        - Duiwel se woord is leuens, sy eie woorde (v44)
    c. Waarheid
        - Waarheid is inhoud van Jesus se woorde (v40, 45): Die Seun maak vry (v36), ware dissipels sal nie die dood sien nie (v51), Jesus is deur Vader gestuur (v42), Jesus tree op ter ere van Vader (v49-50), Vader gee eer aan Seun (v54), Jesus is "Ek Is" (v58)
    d. Ware dissipels moet in Jesus se woord bly
        - Weet hulle is slawe van sonde (v34), Jesus kan vrymaak (v36), dade van Abraham doen (v39), jubel oor Jesus se koms (v56), Jesus liefhê (v42), begryp wat Jesus leer (v47)
        - Om in woord van duiwel te bly: geen ruimte vir Jesus se woord nie (v37), doen die dade van die duiwel (v41,44), wil Jesus doodmaak (v37,40), dink Jesus het 'n demoon (v48), geen insig (v33, 57)
5. Die ontwikkeling van die gesprek tussen die Here Jesus en die Jode
    a. Jesus stel eienskappe van ware dissipel
    b. Jode redeneer hulle is vry, Jesus wys hulle is slawe van sonde, want hulle wil Hom doodmaak; Abraham kan nie hulle vader wees nie, want hulle doen nie sy dade nie.
    c. God die Vader kan ook nie Jode se vader wees nie – want hulle het Jesus nie lief nie
    d. Die duiwel is hulle vader – hulle doen sy dade
    e. Jode beskuldig Jesus van demoon – kan nie wees nie, want Hy werk vir Vader se eer, en bewerk lewe vir ware dissipels (duiwel werk teen Vader, is mensemoordenaar)
    f. Jesus ken Abraham – Hy was al voor Abraham "Ek Is"
    g. Jode wil Jesus stenig, want Hy sê Hy is God
6. Hoekom het die Jode so ontsteld geword dat hulle die Here Jesus wou stenig?
    a. Hulle wou nie erken hulle is slawe van sonde nie
        - Kan jy bewys jy is oortuig van sonde? Of vertrou jy ook op herkoms?
    b. Hulle kán nie werklik Jesus se woorde hoor nie, hulle is nie uit God nie (v43, 47)
        - Is daar mense in ons geloofsgemeenskap wat nie werklik Jesus se woorde kan hoor nie? Konfronteer ons hulle?